Skitterskoon
SKOONMAAKDIENSTE

ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

KOERANiA

Oktober 2026 Volume 3 Uitgawe Nr 35



OOM
Orania Ontwikkelingsmaatskappy
Bou die stad.
Bou die toekoms!
Pieter Bisschoff:
Inligting en bemarking
+27 (0) 53 030 0000
pieter@ontwikkelorania.co.za

KITSNUUS Lees meer binne

Koffie en Klets - Red
Bl 2

Witkruisplanting foto's
Bl 2 en 3

Tannie Johanna trek
Bl 3

Orania na AfriForum Teater met Langenhoven
Bl 4

Jessika geniet KuberSkool
Bl 4

Ontmoet OVR-kandidate
Bl 5 en 6

Opvoedkundige reeks
Bl 7

Menings: Karnaval
Bl 8

10 vrae: Janél Cornelius
Bl 10

Ons Paradys Tuinuitdaging '26
Bl 12

Karnavalfoto's
Bl 13

SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

MENINGSTUK IS DIT NOG BETYDS?

Die Witkruisprojek het die wêreld laat kyk. Maar kyk is nie dieselfde as optree nie.

deur Sean Volschenk | Milwaukee, Wisconsin, VSA

Ek dink baie Afrikaners leef vandag met 'n diepgaande onsekerheid oor hul plek in Suid-Afrika en oor wat die toekoms vir hulle as 'n volk inhou. Dit gaan nie bloot oor politieke ontevredenheid of nostalgie oor 'n verlede wat verby is nie. Dit raak 'n veel meer fundamentele vraag: Is daar nog 'n volhoubare toekoms vir Afrikaners in hul geboorteland? Plaasaanvalle verteenwoordig die uiterste bedreiging vir hierdie lewens-belangrike belange. Dit gaan nie net oor misdaadstatistiek nie, maar oor menselewens, gesinne wat verpletter word en gemeenskappe wat moet wonder of hulle veilig kan voortbestaan. Dit is opvallend hoe maklik die vrese van Afrikaners as politieke retoriek afgemaak word, terwyl die vraag oor hul toekoms selde met dieselfde erns bespreek word. 'n Mens hoef nie met elke Afrikaner se politieke standpunt saam te stem om te erken dat hierdie vraag gegrond is nie. En jy hoef nie Suid-Afrika se geskiedenis te ontken om te erken dat mense wat vandag hier woon, die reg het om oor hul eie toekoms besorg te wees nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat die Witkruisprojek in September na Washington, D.C., gegaan het. Drieduisend wit kruise op die National Mall het 'n boodskap uitgedra wat veel verder as Suid-Afrika se grense moes reik. Elke kruis het 'n menslike verhaal verteenwoordig. Saam het hulle die wêreld herinner aan 'n werklikheid wat te dikwels in politieke debatte verlore raak.



Dr. Ernst Roets by die National Mall in Washington D.C. waar die witkruisplanting suksesvol uitgevoer is.

Die betekenis van die projek lê egter nie bloot in die beeld van duisende kruise in die Amerikaanse hoofstad nie. Dit lê ook in die gesprekke wat daarop gevolg het, insluitend ontmoetings met Amerikaanse regeringsverteenwoordigers en besprekings oor moontlike oplossings vir Suid-Afrika se politieke krisis. Ernst Roets het na 'n ontmoeting met verteenwoordigers van die Withuis beklemtoon dat die gesprek nie net oor dit wat verkeerd geloop het, gegaan het nie, maar ook oor wat daadwerklik daaraan gedoen kan word. Dit is 'n belangrike onderskeid. Om 'n probleem te erken, is een ding. Om oplossings te vind en dit deur te voer, is iets heeltemal anders. Mark Oppenheimer se bespreking van politieke aanhitsing en geweld raak aan 'n vraag wat nie langer geïgnoreer behoort te word nie: Watter verantwoordelikheid dra politieke leiers vir die taal wat hulle gebruik, en hoe ernstig word die moontlike gevolge daarvan opgeneem? Dr. Martin van Staden se ontleding van rasgebaseerde wetgewing plaas weer die fokus op die regsposisie van minderhede en die vraag of alle Suid-Afrikaners werklik op gelyke behandeling voor die reg kan staatmaak. Hierdie is nie bloot akademiese of politieke verskille nie. Dit raak die veiligheid, regte en toekoms van mense wat in Suid-Afrika woon. Die getuienis van slagoffers en hul families bring ons terug na die werklikheid agter die argumente: mense wat geliefdes verloor het en met die gevolge moet saamleef lank nadat die nuuskameras vertrek het. Daar is rede om hoop te hê dat die Witkruisprojek nuwe aandag en moontlik nuwe druk op Suid-Afrika se politieke leiers kan plaas. Maar ons moet versigtig wees om internasionale belangstelling met sukses te verwar. Die wêreld kan luister sonder om op te tree. Regerings kan verklarings maak sonder dat daar iets op grondvlak verander. Selfs goeie bedoelings waarborg nie resultate nie. Is dit nog betyds? Ek weet nie. Niemand kan eerlik waarborg dat die aandag wat die projek gegenereer het, tot betekenisvolle verandering sal lei nie. Maar dit sal 'n ernstige fout wees om die geleentheid te laat verbygaan sonder om te vra wat nou gedoen moet word. Die verantwoordelikheid rus nie net op Washington, Pretoria of die politieke leiers van Suid-Afrika nie. Afrikaners moet ook self ernstig nadink oor hul toekoms. Ons kan nie ons voortbestaan uitsluitlik afhanklik maak van die bereidwilligheid van ander om ons probleme op te los nie. Ons moet ons gemeenskappe versterk, instellings bou en praktiese maniere vind om verantwoordelikheid vir ons eie toekoms te aanvaar. Dit is ook waarom die gesprek oor selfbeskikking en selfbestuur belangrik is. Orania se strewe na selfbestuur is een voorbeeld van 'n gemeenskap wat probeer om sy toekoms deur eie verantwoordelikheid en institusionele ontwikkeling te vorm. 'n Mens hoef nie elke aspek van Orania se benadering te ondersteun om die groter beginsel ernstig op te neem nie: 'n gemeenskap wat 'n volhoubare toekoms wil hê, moet bereid wees om daaraan te bou. Ek skryf dit as iemand wat Suid-Afrika verlaat het, maar steeds omgee oor wat van die land en my mense word. Om weg te gaan, beteken nie dat jy ophou om om te gee nie. Dit beteken ook nie dat jy die vraag oor die Afrikaner se toekoms kan ignoreer nie. Jesaja 1:17 stel 'n eenvoudige maar veeleisende opdrag: "Leer om goed te doen, soek die reg." Die wit kruise in Washington het die aandag gevestig op lewens wat verloor is en families wat agtergebly het. Dit is 'n belangrike begin. Maar die uiteindelike maatstaf van die Witkruisprojek sal nie wees hoeveel mense na die kruise gekyk het nie. Dit sal wees of daardie aandag tot verantwoordbaarheid, verandering en 'n veiliger toekoms lei. Die wêreld het gekyk. Nou moet ons sien wat gebeur. Is dit nog betyds? Die antwoord sal nie net in Washington of Pretoria bepaal word nie, maar ook deur wat ons self bereid is om van hier af te doen.

KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden Grafiese ontwerp: STORM redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



KOFFIE EN KLETS met die redakteur

Elke huis het sy kruis



Ek was daar. In Washington. Toe die kruise op 25 en 26 September 2026 afgelaai is en die name van slagoffers daarop geplak is terwyl afmetings gedoen word om 3000 simetries in die vorm van 'n kruis, voor die Washington Mall, op die reuse grasperk, te plant. 'n Handjievol vrywilligers, Lex Libertas bestuur, lede en New York Young Republicans Club (NYYRC) se verteenwoordigers het gewoel om te doen wat gedoen moes word. Elkeen het 'n taak gehad, maar elkeen was meerendeels met hul eie gedagtes besig. Dit is mense wat 'n bydrae gelewer het tot die land se ekonomie wie se name nou op kruise aangebring word. Ons onthou nie die tragedie en lyding omdat ons wil nie, maar omdat ons moet! Hulle is nie meer hier om die stories van onreg te vertel nie, daarom het hulle elkeen iemand anders se stem nodig. Hulle het aan die hand van 'n misdadiger, moordenaar, wreedaard, boosdoener en onwelkome indringer gesterf. Jonk en oud, weerloos en sterk, arm en ryk – almal is deur 'n geslepe niksnuts vermoor.

Ruda, Piet, Dan, Niel en vele ander kan maar herkou aan hulle gevoellose uitlatings, agter hulle hoë heinings in sekuriteitskomplekse. Die Witkruisplanting is nie 'n emosionele oproep tot geweld nie. Dit is 'n herinnering daarvan. 'n Herinnering dat meer as 400 raswette teen blankes, swart bemagtiging, grondonteiening, regstellende aksie en blatante rassisme 'n realiteit is. Stilbly en suutjies praat is nie 'n opsie nie. Dit is lafhartig! Daar moes lankal harder en wyer hieroor gepraat word. Ons Afrikaners is darem so ordentlik grootgemaak. Ons sê nie ander rasse sleg nie. Ons kritiseer nie onnodig nie. Ons druk deur, sonder om te kla. Ons byt vas, want in die sweet van ons aangesig!

Die honderde mense wat die gebeure tydens die witkruisplanting aanskou het, het nader gestap en gevra wat daar aangaan. Na rasionele en feitlik korrekte vertellings van wat in SA aangaan is mense aangedaan, geskok, beter ingelig en sonder twyfel besorgd oor 'n land wat ver van hulle af geleë is, maar skielik op die voorgrond is.

Vreemdelinge het nie weggedraai nie. Hulle het begin hand bysit, help name plak, help kruise posisioneer, help afmeet en inkap, terwyl ware verhale deur gebroke slagoffers wat teenwoordig was, gedeel is.

Toe ek daar staan kon ek nie wegkyk of wegdraai van die werklikheid nie. Jou DNS rebeleer. Jou neurologie wil dit nie absorbeer nie. Maar vlug kan jy nie. Dit is my mense en hulle het elkeen 'n reg om onthou te word. Wit, swart of bruin.

Elke moord is 'n moord te veel! Dalk skink ons nie vandag koffie nie, maar vou ons hande en buig ons hoofde in gebed. Verootmoediging voor God!

Dia van Staden

Vervolg vanaf bl. 1


Advokaat Mark Oppenheimer in gesprek met internasionale media.


Dr. James Myburgh – Redakteur, Politicsweb


Dr Martin van Staden – Redakteur, Index of Race Law


Samuel Samson, VSA Adjunk-Assistent-Sekretaris van Staat (Buro vir Demokrasie, Menseregte en Arbeid) met dr. Roets.


Dr. Ernst Roets in onderhoud met media.


Mnr. David Ansara – Hoof-Uitvoerende Beampte (HUB), Vryemarkstigting (Suid-Afrika)



Heidi Taljaard se familie is tydens 'n plaasmoord vermoor.
Lees meer hieroor


Amanda Platt oorleef plaasaanval.
Luister hier


Leon Lotz se skoonpa vermoor tydens plaasaanval.
Luister hier

RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Heilige Burgers?

- Wynvlieg Woltemade

Maak heilige koeie die beste burgers? Ek praat nie van daardie Amerikaanse maalvleiskoekies wat hulle "braai" nie, maar van ons eie burgers, daardie dierbare mense wat op 4 November gaan besluit wie die volgende agt stoele in die "Burgerraad" warm gaan sit.

Twaalf kandidate vir agt heilige plekke in die Orania Verteenwoordigende Raad. Vier gaan noodwendig met troospryse huis toe. Maar moenie bekommerd wees nie. In Orania beteken leë hande nie noodwendig stil bekke nie.

Die steunwerwing is reeds in volle swang. Ek sit langs stoepe en luister hoe daar gefluister word en met groot erns verduidelik word wie nou eintlik die regte persoon vir die werk is. Erg Afrikaner: party mense staan self op. Ander staan gemaklik agter hulle, waar hulle in die oor kan fluister sonder om self die hitte van die braaivleisvuur te ervaar. En elkeen het natuurlik die beste belange van die gemeenskap op die hart, alhoewel dit merkwaardig is hoe gereeld die "gemeenskap se belange" presies saamval met 'n mens se eie oortuigings.

Maar hierdie agt heilige burgers gaan nie bloot hande skud en notules goedkeur nie. Vir hulle wag daar 'n groter taak: om die nuwe Orania-grondwet te bewerk. Agt mense gaan moet help besluit hoe ons onsself vorentoe bestuur, watter beginsels ons beskerm en hoe ons ons toekoms inrig. Geen druk nie. Dis darem maar net die grondwet...

En soos enige goeie Afrikaner weet, is daar min dinge wat mense so aan die praat kry soos reëls waarvolgens almal anders moet leef.

Elkeen het 'n beginsel, 'n voorbehoud en 'n tannie wat presies weet hoe die stigtersvaders dit bedoel het.

Só werk demokrasie. Jy bring jou standpunt, jou voorkeurkandidaat en, indien nodig, 'n vriend wat jou standpunt harder stel. Daarna hoop jy die res van die burgers sien die lig. Indien nie, was jou lig seker nie heilig genoeg nie.

Op 4 November stem Orania, dieselfde dag as Suid-Afrika se tussenverkiesings. Toeval of nie, ons gaan ook ontdek dat demokrasie 'n wonderlike ding is... veral wanneer mense stem soos jy gehoop het hulle sou.

Maar hier is die ding met heilige koeie: almal het een, en niemand hou daarvan as iemand anders aan syne raak nie. Miskien moet ons kyk of ons heilige burgers ook die gewig van 'n grondwet kan dra.

Ek hou intussen my ore oop, nie om te hoor wie die hardste praat nie, maar wie uiteindelik die vertroue van die burgers kry.

Ek is Wynvlieg Woltemade en weet net een ding: twaalf kandidate kan staan, agt kan sit, en die res kan slegs raad gee.

Heldedag op oom Paul se verjaardag

Orania en sy gemeenskap vier elke jaar op 10 Oktober Heldedag en onthou die Boere-helde wat 'n groot impak op die geskiedenis gehad het. Oud staatspresident Paul Kruger is op dié dag in 1825 gebore. Op 10 Oktober 2025, 200 jaar na sy geboorte, is die Paul Krugermonument in Orania opgerig.

Vanjaar het Oraniërs Heldedag gevier met 'n tradisionele Afrikanerbraai op dié einste erfenisterrein. Daar is saam met die Orania Beweging gebraai, met 'n pangeweer geskiet en Afrikaner-volksliedjies gesing.

Afrikaners is plesierig, en dan maak hulle so!

FAK:

Die verhaal van Oom Paul

Op 10 Oktober 1825 is 'n seun met die naam Stephanus Johannes Paulus Kruger op die plaas Bulhoek naby Steynsburg gebore. Min sou daardie dag kon voorspel watter rol dié plaasseun uiteindelik in die geskiedenis van Suid-Afrika sou speel. Sy kinderjare het hom vroeg met die harde werklikheid van die trekpad kennis laat maak. Op net 11-jarige ouderdom het Paul Kruger saam met sy ouers aan die Groot Trek deelgeneem. Hy was ook by Vegkop toe die treklaer deur die Matabeles aangeval is. Die trekpad was vir hom 'n skool op sy eie. Hy het feitlik geen formele onderwys gehad nie, maar deur die lewe en sy ervarings het hy homself ontwikkel tot 'n man wat kon lei, onderhandel en mense saamtrek. Dié eienskappe sou hom ver bring. In 1883 het hy staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) geword. Ná die Britse anneksasie van die ZAR in 1877 het hy 'n leidende rol gespeel in die herstel van die republiek se onafhanklikheid en hom beywer om die Transvaalse volk saam te snoer. Maar ten spyte van sy belangrike posisie het daar steeds iets van die eenvoudige boer in hom gebly. In Pretoria het Oom Paul soggens vroeg opgestaan, sy pyp op die stoep gerook en selfs met verbygangers gesels. Op sy erf in Kerkstraat is groente gekweek, terwyl mevrou Kruger elke dag 'n melkkoei of twee gemelk het.

Dan was daar nóg 'n kant van hierdie bekende staatsman. Reeds in die 1890's het Kruger raakgesien dat die natuur onder die druk van "beskawing" begin swig. Hy het dele van die Oos-Transvaalse laeveld vir natuurbewaring laat uitsoek – gebiede wat later deel sou word van die Nasionale Krugerwildtuin.

Van 'n jong seun wat die Groot Trek meegemaak het, tot 'n staatspresident en wêreldbekende figuur – Paul Kruger se lewe was verweef met van die belangrikste gebeure in die geskiedenis van die ZAR.

Op 10 Oktober onthou ons die geboortedag van die man wat vir baie altyd Oom Paul sou wees.



Beelde van die Lex Libertas konferensie en witkruisplanting in Washington D.C.





























Mevrou Johanna Pohl (94), 'n gewaardeerde Oraniër.

Christiaan van Zyl

Om totsiens te sê vir 'n lewende legende kan 'n baie formele aangeleentheid wees. Ons het egter besluit om Tannie Johanna Pohl te verras met 'n basaarpoeding (waarvoor sy baie lief is) ná Karoosig Aftree-oord se aandete op Maandag 21 September. Hier het sy 'n hele klomp jare gewoon na sy huis opgegee het in Phillipolis.

Tannie Johanna, weduwee van die bekende komponis en radiopersoonlikheid, Jan Pohl, is in eie reg steeds 'n taalvegter en kultuurmens ondanks haar ouderdom. Menige Afrikaanse sanger wat op Orania kom optree het, is ontbied vir 'n gesprek oor 'n beker koffie of tee. Familie is uitgelê, volksake is aangeroer en oom Jan se liedjies is bespreek.

Orania Kunsteraad (OKeR) se ensemble het spesiaal vir die bejaardes en tannie Johanna 'n paar Jan Pohl liedjies gespeel. Sy het 'n bundel van oom Jan se liedjies en sy Kleinreus-toekenning aan die Bewaringstigting oorhandig vir veilige bewaring in die museum om saam met oom Jan se hoed daar uitgestal word. Joost Strydom het namens Orania Beweging vir tannie Johanna 'n Kleinreus-lapelwapen oorhandig om met trots te dra by haar nuwe tuiste.

Anje Boshoff het 'n bos proteas namens OKeR oorhandig en dr. Carel Boshoff (IV) het haar namens alle Oraniërs bedank vir haar lewendige bydrae op vele terreine van ons strewe. Laastens het tannie Minnie Strydom namens die Hervormde lidmate 'n geskenkpakkie aan haar oorhandig.

Al die verteenwoordigers van gemelde organisasies het gesorg vir 'n verskeidenheid nageregte wat deurmekaar opgeskep is in die tradisie van basaarpoedings.

Totsiens tannie Johanna, ons gaan tannie se teenwoordigheid mis!




Orania Prokureur, Christiaan van der Merwe, vertolk die rol van C.J. Langenhoven

Die verhaal van die vrouens in Langenhoven se lewe, is 'n verhaal van 'n huis vol liefde. Tog is dit ook die verhaal van die komplekse verhoudings, uitdagings en opofferings wat agter geslote deure skuil. Elkeen het 'n verlede, en 'n moeilike verlede skep soms 'n moeilike toekoms. Die liefde verdra alles, maar hoe ver strek 'n mens se liefde en waar vind ons die krag om alles te aanvaar en te dra.

Hierdie aangrypende toneelstuk neem die gehoor op 'n reis deur die lewe van Vroutjie, Engela, Langenhoven en – in 'n mindere mate – die aantreklike Sarah. Elke karakter weerspieël iets van onsself. Die verhaal raak daarom diep aan die hart. Alhoewel Vroutjie die hoofkarakter is, verteenwoordig sy veel meer as net die stem van Langenhoven se vrou – sy word op 'n manier so 'n bietjie van ons almal.

Geniet 'n glasie sjerrie vanaf 18:00 in die foyer.



Kom geniet 'n kunsuitstalling in die voorportaal deur Yolandi-Mari, 'n kunstenaar van Orania. Haar versameling handel oor die vele fasette van vrouwees asook die vrou se innerlike krag en skoonheid.

Tema: "Verhale van vrouwees"



Die OKeR-toneelgeselskap tree op 6 November by AfriForum Teater op om geld in te samel vir Orania se eie teaterhuis!
18:00 Sjerrie en kunsuitstalling in die foyer
19:00 Toneel
Kaartjies aanlyn te koop by www.afriforumteater.co.za

Jessika en geskiedenis loop soos stroop

Geskiedenis leef wanneer jongmense dit leer en ontdek. Die FAK se Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade gee aan leerders die geleentheid om hul kennis van geskiedenis te verdiep – en vanjaar is daardie kennis behoorlik gevier met die bekroning van die wenners.
Wat hierdie projek besonders maak, is dat dit veel meer as net 'n kompetisie is. Dit skep 'n ruimte waar jongmense deur geskiedenis kan leer oor die verlede, hul erfenis beter kan verstaan en nuwe perspektiewe kan ontwikkel.
Met deelname van leerders reg oor Suid-Afrika én internasionaal word 'n nuwe geslag se belangstelling in geskiedenis aangewakker. Die twee algehele wenners is Joshua Joubert, 'n Graad 5-leerder van Laerskool Jan Celliers, wat met 'n indrukwekkende 97,00% eerste onder die laerskoolleerders geëindig het, en Raynard Bosman, 'n Graad 11-leerder van Hoërskool Pretoria-Noord, wat 94,00% behaal het om as die algehele hoërskoolwenner aangewys te word. Die FAK se Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade bewys dat geskiedenis nie bloot iets is wat in handboeke geleer word nie. Deur jongmense aan te moedig om hul familiegeskiedenis, plaaslike erfenis en die groter historiese verhaal te verken, word die verlede 'n lewende werklikheid waarmee hulle hul identiteit en gemeenskap beter kan verstaan.
Soos oom Paul Kruger se bekende woorde lui: "Want wie vir hom 'n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor nie. Daarom: Soek in die verlede al die goeie en skone wat daarin te ontdek is, vorm daarna u ideaal en trag om vir die toekoms daardie ideaal te verwesenlik."

Graad 9 wenner… Jessika Badenhorst, Orania CVO-Kuberskool, met 'n punt van 89.80% wen sy die FAK se Internasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade vir haar graad.
Koerania het met Jessika gesels om haar bietjie beter te leer ken:
1. Waarom is geskiedenis vir jou belangrik?
Geskiedenis is vir my belangrik, omdat ek glo dit is baie voordelig en noodsaaklik om te weet van waar af jy kom. Om die verhaal agter jou land, taal en kultuur te ken is ook 'n groot voorreg wat ons het en nie tot niet moet laat gaan nie. Ons het soveel kennis tot ons beskikking en so 'n ryke geskiedenis. Iets wat nog altyd vir my baie belangrik was, is om nie net te kan sê vir wat ons staan nie, maar ook die hoekom daaragter. Ons geskiedenis is natuurlik gevul met lesse waaruit ons kan leer en voorbeelde van standvastigheid in geloof en vertroue in God wat ons in ons daaglike lewens kan toepas. Om ten volle ons toekoms te kan ervaar moet ons die verlede ken en weet alles is genade van God.
2. Wat is jou gunsteling vak/ke op skool?
Om 'n gunsteling vak te kies is moeilik. Ek geniet natuurlik Geskiedenis, veral as ek nuwe goed leer wat ek nie voorheen geweet het nie. Bybel, Kuns en Kultuur en beslis Tegnologie, veral die tekeninge en gasvryheidafdelings. Ek geniet dit baie om kreatief te wees, so dit is nogal vir my lekker om opstelle te skryf. Veral as dit 'n navorsingstaak is waar jy soveel kan skryf as wat jy wil. Ek vind dit baie kalmerend om te skryf, daar is iets so wonderlik daarin om jou gedagtes om te sit in 'n kunsvorm.
3. Wat geniet jy daarvan om 'n Kuberskolier te wees?
Ek geniet dit om 'n Kuberskolier te wees, omdat ek meer vryheid het as dit kom by goed soos die area waar ek werk, die volgorde waarin ek my vakke doen en wanneer ek my werk doen. Jy leer selfstandigheid en dissipline wat jou baie sal help in die toekoms. Om by die huis te wees is ook natuurlik lekker, omdat ek kan motorfiets ry in my "pouse" tyd.

fak
tuiste. trots. toekoms.



Orania Verteenwoordigende Raad se kandidate

Wat is die een aspek van die Burgerraad se pligte wat jy primêr sal wil aanspreek? Hoe sal jy dit doen?

Die Orania Verteenwoordigende Raad is elke 5 jaar aangewys deur die gemeenskap. Met die nuwe grondwet word die OVR nou saamgestel deur 8 kandidate (deur die kiesers aangewys) wat die Bugerraad vorm en 2 lede deur elke grondentiteit wat die Gebiedsraad vorm. Vanjaar sal die publiek op 4 November kruisies kan trek om hulle 8 kandidate te kies vir die groot taak. Volgens die Orania Grondwet sal die bestuur verantwoordelikheid opneem om Orania se unieke status in stand te hou en staatkundige ontwikkeling te bevorder.



Christo Conradie

Een van die aspekte waaraan ek in besonder aandag sal wil gee is die uitbou van internasionale kontakte, netwerke en betrekkinge. Daardeur fokus ek direk op die terrein van die OVR wat politieke en ekonomiese belange prakties moet bevorder. Tweedens is die tyd nou ryp daarvoor, aangesien daar tans belangrike internasionale aandag op die Afrikaner en selfs Orania val, asook op konserwatisme en nasionalisme oor die algemeen.
Ek voel dat hierdie venstergeleentheid optimaal benut moet word sodat internasionale bewussyn en ondersteuning Orania se ontwikkeling en groei kan versnel.



Fanus Bekker

Elke stemgeregtigde indiwidu in die groter Orania se besluit het 'n effek op wie op die Burgerraad gaan dien. Die Burgerraad verteenwoordig dus die bevolking. Dit is logies dat die aangewese verteenwoordigers die kollektiewe belange van die bevolking wie hulle verkies het, sal en behoort te dien. Besluitneming kan nooit 'n ligtelike aangeleentheid vir lede van die Burgerraad wees nie, want dit het 'n invloed op die lewensgang van almal in hierdie geliefde "enklawe" van ons met sy vryheidstrewe.
Elke siel wat hierdie stukkie aarde bewoon en bewandel is net so waardevol as die volgende een in God se Koninkryk, en daarom moet dit ook in ons "aardse koninkryk" dieselfde beslag vind. Ons moet altyd onthou: Ons is min, en ons staan eintlik teen die hele wêreld vry in beginsels. Ons moet daagliks seker maak dat ons die energie tot ons beskikking positief rig in daardie rigting.



Frans De Klerk sr.

Orania se ontwikkelingsmodel berus op groeiende selfbeskikking. Stap vir stap word daar aan vryheid gebou, met elke sukses wat op die vorige een voortbou.
Die grootste sukses van die OVR, wat nou sy termyn afsluit, was die aanvaarding van sy nuwe grondwet. Dit het duidelikheid gebring oor die rol van die OVR binne Orania en sy verhouding met Orania se vier grondinstellings. Ingevolge die OVR se grondwet sal ek my gedurende die volgende OVR-termyn vir die hantering van die volgende aangeleenthede beywer:
Die suksesvolle inwerkingstelling van die nuwe struktuur en die vestiging van die nodige uitvoerende vermoë van die OVR.
Die aanvaarding van 'n nuwe grondgebruikbestuurskema vir die hele Orania, met 'n fokus op landbousonering en die vasstelling van 'n stedelike grens vir Orania.
Ondersteuning aan die Orania Regsraad in die neem van die volgende stappe ter versterking van onafhanklike regspraak vir Orania.
Eksterne politieke skakeling om goeie verhoudings te bou en Orania se algemene beeld, veral onder nie-Afrikaners, te verbeter.



Werner Pereira

Territoriale onafhanklikheid in nederige afhanklikheid van ons Skepper.
Ons staan op die skouers van reuse; die verantwoordelikheid om voort te bou op wat reeds in Orania vermag is, is groot. Met erns, omsigtigheid en voorbidding moet die werk voortgesit word. Elke besluit, vergadering, onderhandeling en handeling moet gemeet word aan: Bring dit ons nader aan die uiteindelike doel van totale onafhanklikheid?
Staatsbou met gebalanseerde stedelike en landelike ontwikkeling moet ondersteuning bied aan plaaslike produksie, entrepreneurskap en volkseie kapitaalvorming. Meer bekostigbare landelike vestiging kan getallegroei versnel.
Vestiging, gesinsgroei en terugkeer van kundigheid is noodsaaklik vir 'n volhoubare bevolkingsbasis. Die opstel van 'n geïntegreerde plan vir 'n robuuste tegnologiese ruggraat — een wat afstandwerkers, datasentra, moderne ondernemings en belegging kan lok — is 'n natuurlike volgende stap. Só kan ons die middelklas versterk, kapitaal behou en die gemeenskap bestand maak teen eksterne ontwrigting. Strukture behoort te funksioneer asof ons onafhanklik is — lank voordat formele erkenning volg.



Carel Boshoff 5

Ek is Carel 5, ek is my lewe lank al 'n Oraniër, deur beskikking voor ek verstand gekry het en deur oortuiging daarna.
Ek het die nominasie, wat alreeds 'n voorreg is, aanvaar omdat ek lankal reeds besluit het om my lewe aan Orania te wy. Ek doen dit deur hier te woon, werk, kinders groot te maak en my deel te doen waar ek kan – tans neem dit onder andere die vorm aan van begeleide toere deur die Verwoerdmuseum aanbied. Daar is twee gebiede binne die Burgerraad waartoe ek aangetrokke voel.
Die Burgerraad is tans op 'n kritieke stadium van beleidvorming en skakeling wat toonaangewend vir die toekoms van Orania is.
As 'n jong Oraniër vir wie Orania se toekoms van uiterste belang is, met 'n aktiewe belangstelling in ons politieke en kulturele geskiedenis en hede, met lewenslange praktiese ervaring binne Orania, wil ek die unieke perspektief van jong Oraniërs verteenwoordig, in die Burgerraad, of waar ek ook al die geleentheid kry.



Riaan Jacobs

Gewortel in ons verlede. Verantwoordelik in die hede. Gerig op die toekoms.
Ons geskiedenis en herkoms vorm die wortels van ons identiteit. Ons Christelike geloof, kulturele erfenis en strewe na 'n eie tuisland is nie bloot herinneringe aan die verlede nie, maar 'n lewende verantwoordelikheid in die hede en 'n kosbare erfenis wat ons aan ons nageslagte wil oordra.
Ek staan vir 'n konserwatiewe waardestelsel sonder engheid; vir die behoud van dit wat waardevol is, maar ook vir die wysheid en moed om nuwe geleenthede te herken en verantwoordelik te benut.
Ons moet met vaste beginsels, oop denke en doelgerigte optrede voortbou aan 'n volhoubare, selfstandige en vooruitstrewende Volksgemeenskap en grondgebied.
Die verlede gee ons wortels. Die hede vra ons verantwoordelikheid. Die toekoms vereis ons visie.

• vervolg vanaf bl 5

Orania Verteenwoordigende Raad se kandidate

Wat is die een aspek van die Burgerraad se pligte wat jy primêr sal wil aanspreek? Hoe sal jy dit doen?



Ds Sarel Roets

Ek glo in één Drie-Enige-God, wat volmaak goed en in geen opsig beperk is nie. God regeer doelgerig volgens sy onverbeterlike en onveranderlike Raadsplan. Hierbinne het Hy aan die mens wysheid, vermoëns en opdrag gegee om op aarde te leef en te regeer.
Ek erken dat God die beskikker oor die lotgevalle van volke en nasies is. Hy het die Afrikanervolk hier aan die Suidpunt van Afrika gekoester om vir Hom 'n volk te wees en om Hom as rentmeesters vrugbaar te dien. Hiervoor is soewereine vryheid belangrik.
Om uiteindelik 'n soewereine vry volk te wees sal ek elke geleentheid daaraan wy. Orania is 'n krities belangrike mylpaal op pad na soewereine vryheid!
Ek beloof om my te beywer vir die vestiging en uitbouing van 'n effektiewe wetgewende-, kerklike, uitvoerende- en regsprekende gesag om soewereine vryheid deeglik te beplan en te verwesenlik.
SO HELP MY GOD!



Annemarie van der Merwe

Ek is 'n Christen, ma van vyf kinders, fisioterapeut en gekwalifiseerde onderwyser. My beroepservaring het my geleer om krities en analities te dink, verskillende perspektiewe te oorweeg en aandag te gee aan besonderhede.
Die Burgerskapprogram is as plig van die Burgerraad van groot belang. Die verkryging van verblyfreg en burgerskap moet met sorg en verantwoordbaarheid hanteer word. Daar moet voortdurend gewaak word dat die program getrou bly aan Orania se Christelike grondslag, waardes en strewe soos dit reeds en steeds gestalte vind in eie grondgebied, selfwerksaamheid en groeiende eie instellings.
Ek wil help toesien dat toepaslike prosedures bestaan en dat dit met verantwoordbaarheid en onderskeidingsvermoë toegepas word, sonder om Orania se unieke aard, voortgaande ontwikkeling en langtermyndoelstellings uit die oog te verloor. Dit alles vanuit die oortuiging dat elkeen van ons geroep is om tot eer van God te leef.



Dr Carel Boshoff 4

Orania is die groeipunt vir Afrikanervryheid in 'n volkstaat, met die OVR as Orania se eiesoortige plaaslike regering in die middelpunt van ons vryheid-in-praktyk. Daarom is die vraag na Orania se status ten nouste met die erkenning van die OVR en sy bevoegdhede verweef.
Ek is sedert die eerste OVR-verkiesing in Desember 2000 hierby betrokke, onder meer as lid van die komitee van owerheidsliggame wat destyds oor Orania se status onderhandel het. Met die hofbevel en onderhandelinge kon ons tyd koop om te groei, en vandag kom ons opponente voor 'n Orania wat tien maal groter as destyds is, te staan.
As ek verkies word, sal my doel en strewe wees om steeds meer erkenning vir ons eiesoortige bedeling te verwerf, na binne én na buite. Orania se nuwe grondwet en die funksies van die Orania Oorlegsone is belangrike bakens op ons reis, maar nog lank nie ons bestemming nie.




Janneman Roux

Ek is sedert Augustus 2019 'n permanente inwoner van Orania en reeds sedert 2015 'n aandeelhouer. As rekenmeester van beroep dien ek tans as Hoof: Korporatiewe Dienste by die Orania Dorpsraad.
Met my blootstelling aan Orania vanaf my laerskooljare, tesame met 'n grondige opvoeding in ons volkgeskiedenis en Afrikanerskap, stel ek my beskikbaar om Orania op 'n volgende vlak van diens te wees in die strewe na ons vryheidsideaal tot onafhanklike staat.
My benadering is nugter, kalm en ontvanklik, met 'n fokus op die versterking van Orania se fondamente as vesting vir die Afrikaner. Ek wil bydra tot volhoubare groei deur elke ontwikkelingsfase doelgerig uit te bou, sodat ons einddoel vir toekomstige geslagte verwesenlik kan word.
My uitgangspunt is vertroue op God se genade, met die strewe om alle beplanning en optrede aan Sy Woord te meet en Hom in voorspoed én teëspoed die eer te gee.



Jacobus Le Grange

Ek wil graag 'n positiewe bydra lewer as verkose lid van die Burgerraad, as deel van die Orania Verteenwoordigende Raad, as ware verteenwoordiger van Orania in die ruimtes en vlakke van bevoegdhede waaroor die OVR beskik en gemagtig word. Dit ten doel om ons republikeinse vryheidstrewe uit te bou en te verwesenlik. Die Orania Grondwet, wat onlangs in werking gestel is, lê dit mooi uit. Ek wil graag help gestalte daaraan gee, met goeie onderlinge samewerking, maar onversetlik in ons ideale soos vervat daarin.



Pieter Bisschoff

Orania se strewe na vryheid is vir die langasems bedoel, daar is geen kitsoplossings in die verband nie. Wat ons as Oraniërs nou benodig is geen groot optrede of besluit nie, maar eerder om die klein dingetjies, in gehoorsaamheid aan die Here, konstant reg te bly doen. As ons daarin slaag, is elke dag een tree nader aan vryheid. Gelukkig kan ons hierin voort bou op al die harde werk wat ons voorgangers reeds met groot toewyding verrig het.
Bid en werk, dit is waarmee ons nou moet besig wees.

Praat Saam KOERANIA mense weet
www.koerania.co.za



GRONDLYN

Jesus Christus regeer SOEWEREIN

BEGROND
Instituut vir Christelike

– dr Wikus Buys



Met die Hemelvaart van ons Here Jesus maak Hy 'n uitspraak oor sy almagtige gesag. Dit sluit die hemel en die aarde in. Die Here Jesus het voor sy kruisiging 'n afspraak met die dissipels gemaak dat hulle Hom op die berg ontmoet. Hulle het Hom daar gesien en Hom aanbid, maar sommiges het getwyfel. Van die dissipels het getwyfel of hulle regtig sien wat hulle sien, naamlik dat Christus lewend is en uit die dood opgestaan het. Daar staan daar in Mat 28:17–18 dat die Here Jesus nader gekom het en gesê het: "Aan My is gegee alle mag in die hemele en op die aarde." Christene deur baie eeue het hierdie woorde van Christus ter harte geneem. Hulle het baie troos en lering daaruit geput. Ook in ons omstandighede kan vandag baie troos kry en rigting behou in stormagtige tye.

God is naby

Jesus Christus kom nader in hulle oomblik van twyfel. Watter wonderlike genade spreek daar nie uit nie. Die Griekse woord kan ook vertaal word met 'benader'. God kom ons tegemoet waar ons ons ook al bevind. Die hele Bybel getuig van hierdie waarheid dat God na ons kant toe oorkom. Die belofte dat Hy sou kom as Messias in die Ou Testament, sy vleeswording en sy geboorte as mensekind, sy kruisiging en opstanding, die uitstorting van die Heilige Gees, getuig alles uit die hemel op die aarde dat God van sy kant af moeite doen om naby ons te kom.

Twyfel is 'n vorm van ongeloof, omdat dit die groot menslike "miskien" bevat. Miskien is dit soos God sê, of dalk weer miskien nie. Twyfel hink altyd op twee gedagtes: miskien is God nie soos Hy sê nie. Was die argument van dje duiwel met Eva nie juis dít nie: 'Miskien' kan jy God nie vertrou nie. Wanneer God sy nabyheid bekendmaak, deur sy Seun te stuur en veral deur die nabyheid van die Heilige Gees, dan klaar God self die twyfel op. God verwyder deur sy nabyheid die "miskien" uit ons lewe, asof God se Woord nie betroubaar is nie. God verwyder twyfelagtige ongeloof deur sy soewereine gesag.

Daarom sê die Here Jesus: "Aan My is gegee alle mag." God die Vader het hierdie allesomvattende mag en gesag aan sy Seun gegee. Christus is die eersgeborene van die skepping, maar ook die eersgeborene uit die dood (Kol. 1:15,18). God het geskep en Hy red diegene wie Hy skep en aan Hom behoort. Die soewereiniteit, die alleen regering van ons Here Jesus is ons troos en is 'n kragtige wapen teen twyfel en ongeloof. Die Here alleen regeer. God is in beheer, en Hý kom nader na ons toe en kalmeer ons met sy nabyheid. Die waarheid dat alle gesag aan Jesus Christus gegee is, is die vaste fondament van ons vertroue – ook in onstuimige tye.

Hierdie waarheid dat alle mag en gesag aan die Here Jesus gegee is, moet ook ons dink en doen inrig. Die duiwel, die god-los en goddelose wêreld, wil ons gedurig van iets anders oortuig. Die duiwel maak asof hy in beheer is. Daar is soveel groot kragte en magte in die wêreld, ekonomies en polities, maar bo-oor dit alles troon Jesus Christus uit. Hy het die mag in die hemele en op aarde.

Wat beteken dit vir ons vandag, ook in Orania? Iemand wat leef vanuit die soewereiniteit van God raak nie verskrik en verstrik in allerlei bangmaak praatjies nie. God is in beheer, en daar sal nie 'n haar van ons kop afval as dit nie ons hemelse Vader se wil is nie. Ons moet dus versigtig wees om in allerlei samesweringsteorieë te glo, asof God nie eintlik in beheer is nie, maar dat die wêreld deur 'n paar mensies beheer word, soos 'n marionet meester wat die toutjies trek om die pop te manipuleer. Die Bybel leer: die mens wik, maar God beskik. Om jou hele lewensuitkyk te baseer op 'n teorie van geheime sameswering agter die skerms, is om die geloof in God se regering oor alles prys te gee. Die Here sal bepaal wat met ons gebeur, nie mense of duiwelse demone nie. Laat ons vashou aan die Here se belofte: as jy deur die vuur moet gaan, is Ek by jou (Jes. 43:2). Die Here se hand is nie te kort om te help nie.

Dit is die basis waarop ons ook Orania se owerheid gaan verkies op 4 November 2026. Die Orania grondwet bely reguit en openlik, voor God se aangesig en al die mense: Jesus Christus is Koning – Hy regeer. Aan Hom is gegee, alle mag in die hemel en op aarde. Daarom is dit 'n burgerplig vir Oraniërs om seker te maak dat ons 'n owerheid instel wat na die wil van die Here vra. Ons durf nie stem voordat ons nie die aangesig van die Here ernstig in gebed opgesoek het nie. Die Here kom met sy Woord en Gees naby ons en verdryf ons twyfel en onsekerheid deur te sê: Alle mag is Myne. 'n Christen owerheid wat dit bely en hulle wetgewing daarvolgens inrig mag reken op die Here se seëning, maar 'n owerheid wat dit sê met die mond, maar verraai met die daad, sal die Here se treffende straf teëkom. Watter groot verpligting rus op Orania se burgerskap, omdat ons weet en bely dat alle mag aan Jesus Christus behoort.

Toekoms is seker

Daarom is die toekoms vir ons nie onseker nie. Ons ken die besonderhede nog nie. Wat ook al gebeur, dit kom uit ons liefdevolle Vader se hand, en aan sy regterhand sit Jesus Christus, die Koning van alle konings, en die Here van alle here, en Hy is in beheer. God regeer. Orania begeer God se regering – dit het ons met groot genade in ons grondwet opgeneem. Laat dit nou blyk dat dit nie leë woorde is nie. Die vaste fondament waarop ons die toekoms bou is die wete dat God nadergekom het en dat alle die soewereiniteit, onverdeeld, aan Hom behoort. Orania is besig om 'n nuwe gemeenskapslewe vir die Afrikaner te vestig. 'n Nuwe fase breek vir ons volk aan, veral deur ons arbeidsbeleid wat die owerheid heilig oor moet waak. Dit is tot getuienis van al ons mede-Afrikaners en ons kinders wat nà ons kom. Laat die kalm krag van God se nabyheid ons getuienis kenmerk. Laat vriend en vyand sê: Die mense van Orania glo en wys dat God alleen regeer.



OPVOEDKUNDIGE REEKS

Tipes, temperamente en teorieë

KEN JOUSELF.
VERSTAAN ANDER.
'n Sleutel tot beter kommunikasie, verhoudings en effektiewe opvoeding.

Contessa Kruger
– www.herlaai.co.za



Stralende Sanguinikus word Skaamteloos Sensasioneel

Omdat die Sanguinikus 'n diep, onderliggende angs vir verwerping, isolasie en uitsluiting beleef, sal hulle alles doen om te verhoed dat hulle geïgnoreer of geïsoleer word. Wanneer hulle bedreig voel, aktiveer hul onderbewuste verdedigingsmeganismes. Hulle soek voortdurende na eksterne stimulasie en aandag om hoë dopamienvlakke te behou. Hulle sal feite oordryf om hul storie beter te laat klink; buitengewoon luidrugtig raak; ander in die rede val sodat die aandag op hulle gevestig bly. So selfgesentreerd dat hulle mense se name vergeet en vergeet om op te daag vir iets waarvoor hulle self ingestem het. Hulle weet alles van almal, maar het dikwels nie opregte deernis vir ander nie. Hulle kom baie selfversekerd voor – maar in werklikheid het hulle 'n swak selfbeeld wat gedurig deur goedkeuring van ander herbevestig moet word. Hulle leef na buite – om te weet wat hulle dink, moet hulle daaroor praat. Hulle sê dus dinge waaroor hulle nie gedink het nie wat ander kan seermaak.

Die Sanguiniese persoonlikheid is dikwels heeltemal onbewus van hul uitdagings en sal kritiek as ondankbaarheid afmaak. Maar as die besef eers deurdring, is hulle gretig om veranderinge te maak, omdat hul gewildheid op die spel is.

Die Choleriese Temperament

Hulle diepste emosionele behoeftes is om betekenisvol en waardevol te wees. Hul selfwaarde is nou verbonde aan resultate en doeltreffendheid. Hulle moet in beheer wees om seker te maak dat hulle nie onverhoeds betrap en verneder word nie. Hulle "kies" nie net om die leiding te neem nie; hul breine is biologies geprogrammeer om mag, doeltreffendheid en konkrete resultate eerste raak te sien. Hulle fokus instinktief op oplossings sodat hoë momentum behou word; terwyl struikelblokke of onnodige besonderhede buite rekening gelaat word. Hulle is die mees selfgeldende en taakgerigte ekstroverte van die temperamente.

Die Choleriese prentjie:

Christopher het in die hoek van die raadsaal gestaan en die interaksie tussen die mense om die tafel dopgehou toe ek instap. Hy het oor sy bril na my gekyk en sonder om 'n woord te sê, na 'n oop stoel gewys. Ek het gehoorsaam gaan sit. Hy het die bespreking vir nog tien minute laat voortduur; die inhoud van die beraadslaging opgesom, seker gemaak dat almal hul rol in die implementering verstaan en hulle gewaarsku om hom nie teleur te stel nie. Net toe almal opstaan, het hy in my rigting gewys en my as die nuwe opleidingsbeampte voorgestel. Hulle het almal beleefd vir my geglimlag en iets soos "Welkom" gemompel. Geen fieterjasies of ophef nie.

En so het my vyfjaarreis as opleidingsbeampte in die kleinhandelbedryf begin.

Christopher – mnr. Cronjé, soos almal hom genoem het – het altyd gesorg dat almal weet wat van hulle verwag word. As opleidingsbeampte moes ek toesien dat elke 250 personeellede goed opgelei en toegerus was om hul rol te vervul in die goed geoliede masjien wat hy bestuur het.

Ons moes beter presteer as al die ander takke; tweede plek was nie 'n opsie nie.

Ons winkelinspeksie, vroegoggend, was ononderhandelbaar, hy het dan al die gebiede waar hy verbetering wou sien, uitgewys.

Die lynbestuurders het die inspeksies gehaat – mnr. Cronjé het jou net daar en dan voor stok gekry. Hy was onverbiddelik in sy standaarde.

Maar hy het die voorbeeld gestel en was altyd eerste by die kantoor en die laaste om te vertrek.

Pas die skoen jou?

Ons kyk volgende keer na uitdagings van die Choleriese temperament.

MENINGS OPNAME

Die Orania Karnaval word jaarliks aangebied. Vir ‘n aktiewe gemeenskap is voortdurende verbetering ‘n gegewe. Wat sou jy as toevoeging tot die sukses van die karnaval wou voorstel?



Anrich J van Vueren

Dankie aan die Dorpsraad en rolspelers vir die harde werk wat in die Karnaval ingaan. Ek dink daar is baie potensiaal om dit nog beter te maak: meer aktiwiteite waaraan mense self kan deelneem, meer geleenthede vir jong entrepreneurs om hul idees te bemark, en innoverende aanbiedings wat nuwe besoekers jaarliks kan trek.
Vir my is die Karnaval meer as net 'n fees. Dit is 'n kans om aktief te bou aan die gemeenskap wat ons vir Orania wil hê. As jong entrepreneur glo ek die geleenthede wat ons vandag skep, bepaal wat ons môre gaan wees. "Die toekoms hang af van wat ons vandag doen." – Mahatma Gandhi



Yoraldé Grotius

Stalletjies: Daar moet meer stofopgaardertjies en kos by die karnaval wees. Iets waaraan ek my geld wil spandeer. Ek sal bv. graag stalletjies met skilderye of ander kunswerke, juwele, klere of unieke handgemaakte items wil sien. Vanjaar se karnaval het te veel gereedskap en soortgelyke stalletjies gehad en te min lekker goed om voor te kyk.
Kos: Daar moet nie net genoeg kosstalletjies wees nie, maar ook 'n groot genoeg verskeidenheid. Mense wat die hele dag op die terrein spandeer en dan die aandvertoning bywoon verwag dat daar teen 18:00 nog iets te eet sal wees.
Vermaak: As ek aan "Karnaval" dink, dink ek aan die karnaval in Brasilië – helder kleure, lekker musiek en gelukkige mense. Ons as Oraniers is dalk bietjie konserwatief en min om dit heeltemal op daardie vlak te doen maar, ek dink ons kan definitief bietjie inspirasie daar kry. Dit voel amper of ons die karnaval die afgelope 4 jaar doen nie omdat ons wil nie maar, eerder omdat ons moet. Daar is mos elke jaar karnaval.
Laastens dink ek die plaaslike kunstenaars en besighede moet meer betrek word. Ek verstaan met deesdae se brandstofpryse wil uitstallers nie noodwendig meer na 'n klein dorpie in die middel van die land ry nie. Hier is talle talentvolle mense in die dorp, wat aangemoedig kan word om deel te neem. Dink nuwe "speletjies" uit en kry nuwe vermaak i.p.v. om net elke jaar dieselfde resep te herhaal – hy raak vir my bietjie afgestomp. Stop selfs die karnaval vir 'n jaar as dit moet. Ek onthou nog hoe lekker my eerste karnaval was. Dit sal baie hartseer wees om net eendag nie meer lus te wees om karnaval by te woon nie.



Theunie Botha

Soos altyd was Orania-karnaval ’n gesellige samesyn wat gemeenskapsgees op ‘n besondere wyse laat blom het. Om hierdie geliefde feesgeleentheid na nuwe hoogtes te voer, kan daar oorweeg word om die karnavalprogram reeds ’n geruime tyd voor die fees te bemark. Kort video’s van kunstenaars, stalletjies en die verskeidenheid gemeenskapskompetisies kan op sosiale media gedeel word om belangstelling te prikkel en besoekers se opgewondenheid aan te wakker. Tydens die karnaval kan besoekers aangemoedig word om foto’s en video’s met ’n unieke hutsmerk op sosiale media te deel, sodat die energie en besondere atmosfeer van die fees ook ander mense inspireer om dit volgende keer self te beleef. Met doelgerigte bemarking kan Orania-karnaval jaar ná jaar groei en nóg meer mense die geleentheid bied om deel te word van hierdie besondere viering van gemeenskap, talent en samehorigheid.



Maria Pereira

My voorstel is dat ons karnaval verbeter kan word deur meer opwindende aktiwiteite en vermaak vir besoekers van alle ouderdomme. Ons kan gerus die inspirasie neem uit karnavalle in die buiteland, waar verskeidenheid speletjies en pretaktiwiteite mense lok.
Tradisionele karnavalspeletjies, soos ringgooi, blikkies omgooi, visvang en teikengooi, kan groot aantrekkingskrag hê. Deelnemers kan pryse wen om dit meer opwindend te maak. Daarbenewens kan ons dit oorweeg om ‘n mallemeule en ander pretparkritte by die karnival in te sluit.
Hierdie sal nie net die karnaval se aantrekkingskrag verhoog nie, maar ook meer gesinne en besoekers aanmoedig om dit by te woon. Met fantastiese beplanning, voldoende veiligheidsmaatreëls en verskeidenheid beskostigbare aktiwiteite, kan ons ‘n prettige ervaring skep. So kan ons karnaval jaarliks groei en ‘n groot hoogtepunt word.



Ilze Smit

Ek dink daar is altyd ruimte om die Orania Karnaval verder uit te bou en jaarliks iets nuuts by te voeg om besoekers te lok.
Dit sal wonderlik wees indien daar gepoog kan word om nog meer uitstallers te betrek, met ’n groter verskeidenheid produkte en handgemaakte items. Meer verskeidenheid by die kosstalletjies kan ook help om besoekers ’n ryker ervaring te bied. Die swepe wat tydens die vorige karnaval gemaak en verkoop is, was vir my ’n besondere hoogtepunt en ’n goeie voorbeeld van hoe unieke vakmanskap en interessante produkte tot die karakter van die geleentheid kan bydra.
Ek glo ook dat ’n besondere trekpleister, soos die motorfietsvertonings van verlede jaar, ’n groot aantrekkingskrag kan wees. Sulke unieke aanbiedinge skep opwinding en gee mense nog ’n rede om die karnaval te besoek.
Met nuwe idees, ’n goeie verskeidenheid en interessante hoogtepunte kan die Orania Karnaval elke jaar voortbou op sy sukses en ’n ervaring bied waarna mense uitsien.
Baie dankie aan die organiseerders en almal wat agter die skerms hard werk om die Orania Karnaval moontlik te maak. Dit verg baie tyd, moeite en toewyding om so ’n geleentheid aan te bied, en julle bydrae tot ons gemeenskap word opreg waardeer. Mag die karnaval jaar na jaar groei en nog groter sukses behaal!

HULDEBLYK

Gert Adriaan Buys

Deur Niklaas Buys (seun) en Tienie Viljoen (vriend)

2 Junie 1959 – 5 Oktober 2026





Niklaas Buys, seun, het tydens die gedenkdiens die volgende bedankings uitgespreek: “Eerstens bedank ek ons Hemelse Vader vir die voorreg en die seëninge wat ons saam kon deel. Die aardse belangrikste, naas die grootste dank aan ons Hemelse Vader, is aan my moeder. Sy wat soveel opgeoffer het. Aan haar dig ek die woorde van Spreuke 31 toe. My liefste Moeder nie net was pa geseënd in sy heengaan na die ewig rus nie, maar was geseënd met ‘n vrou soos wat God dit aan sy kinders beloof. Ma wat in die nagte na ‘n lang dag se werk nog steeds opgestaan het en versorg het.
Ek loof YAHWEH vir die pragtige ouers wat aan my geskenk was om my Sy weë en weg te leer. Dit sal ek altyd ook van Pa onthou. Dankie Pa vir die man wat ek is vandag.” Tienie Viljoen is ‘n skoolvriend van Gert wat verskeie komiese staaltjies oor hulle vriendskap deel en wat volhou dat hulle vriendekring nog lank van Gert en sy byname sal gesels. “Gert sal nog lank oor ons lippetaal borrel en bruis en ’n vonkel in ons oë bring terwyl hy in ons harte voortleef,” sê Tienie.
Orania Uitrusters, waar Gert aanvanklik jare gewerk het, het hom bedank vir sy goeie diens en ondersteuning.
Vriende deel dat hul Gert sal onthou vir sy wyseid, sy hart, sy manier van help en al die klein goedjies wat ‘n mens dalk eers later sal besef hoe kosbaar dit was.

HULDEBLYK

Gregg Ernest Webbstock

28 Oktober 1957 – 29 September 2026

Gregg en sy vrou, Rensia, woon byna 2 jaar in Orania. Hulle was vir 28 jaar getroud. Rentia het in haar huldeblyk vertel hoe sy hom sy rus gun, maar baie mis. Gregg word beskryf as ‘n ware heer en iemand wat altyd behulpsaam was.
Gregg was dapper in die laaste paar weke waar hy baie siek was. Sy verhouding met sy vrou was ‘n voorbeeld vir ander. Hy laat 2 seuns, ‘n dogter, 4 kleinkinders en sy vrou Rensia agter.
Gregg was een van ‘n tweeling, maar Gary is ‘n paar jaar gelede oorlede. Hy het nog ‘n broer Brian, wat in die Vrystaat woon. Cerry-Anne is hul dogter en Etienne Webbstock (seun) het 2 kleinkinders Keannu en Loghan Meiring.
Gustav (seun) en sy vrou Jolandie met hulle twee kinders, Mienke en Zayden het in hul huldeblyk geskryf dat Gregg ‘n geliefde pa en oupa van min woorde, maar groot dade was.
Jesaja 41:10 was sy gunsteling teksvers.
Moenie bang wees nie, Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.
Pastoor Hanri Maritz het die gedenkdiens waargeneem.



Bo-Karoo Opleiding: 'n Groot sprong vir landbou in 2027

Drie nuwe landboukwalifikasies vir 2027 bring meer studiegeleenthede na die hartjie van die Bo-Karoo, Orania.

Vir jongmense wat 'n toekoms in landbou wil bou, bied Bo-Karoo Opleiding (BKO) in Orania vanaf 2027 drie nuwe studiekeuses. Die instelling brei sy landbou-aanbod uit met Nasionale Diplomas in Plantkunde en Dierkunde, wat in samewerking met Peritum Agri Institute aangebied word, asook 'n Hoër Beroepsertifikaat: Gemengde Gewasse- en Veeboer.

Die programme bied verskillende roetes volgens studente se belangstelling. Plantkunde fokus op gewasverbouing, terwyl Dierkunde op veeproduksie gerig is. Die Hoër Beroepsertifikaat berei studente voor om gewas- en veeproduksie binne 'n geïntegreerde boerderystelsel te benader. Hierdie studierigtings help jongmense om kennis en vaardighede te ontwikkel vir 'n loopbaan in landbou en die bestuur van boerderybedrywighede.

Praktiese opleiding staan sentraal in BKO se benadering. Op die instelling se Leer-My-Hoe-proefplaas van 22 hektaar kry studente die geleentheid om teoretiese kennis in die praktyk toe te pas. Die beplande gebruik van die Bosrand-werkswinkelgeriewe sal verdere ruimte bied vir vaardigheidsontwikkeling rondom landboumeganisasie, toerusting en instandhouding.

Volgens Paul Vogel, uitvoerende hoof van BKO, is die doel om jongmense vir die werklikhede en geleenthede van landbou toe te rus.

"Landbou bly een van die belangrikste boustene van 'n volhoubare en voorspoedige gemeenskap. Ons wil 'n nuwe geslag landbouleiers toerus met die kennis, praktiese vaardighede en entrepreneuriese denke om met kundigheid te boer en 'n betekenisvolle bydrae te lewer."

BKO het in 2019 met slegs vyf studente begin en het sedertdien sy beroepsopleidingsaanbod uitgebrei. Die nuwe landboukwalifikasies vorm deel van dié groei en die instelling se strewe om opleiding aan die behoeftes van die werkplek te verbind. BKO bied opleiding in verskeie beroepsrigtings, waaronder Elektries, Loodgieter, Bou- en Siviele Konstruksie, Tuisversorging en Voorskoolse Onderwys.

Studente se opleidingservaring strek verder as die proefplaas en klaskamer. BKO bied 'n plattelandse studentelewe waarin sport, kultuur en gemeenskapsbetrokkenheid deel van hul ontwikkeling vorm. Studente van regoor Suid-Afrika en buurlande kom hier saam om te leer, te werk en aan hul toekoms te bou.

Verblyf is beskikbaar in verskeie koshuise, elk met sy eie identiteit en tradisies. Twee daghuise bied aan studente wat privaat woon die geleentheid om by studente-aktiwiteite in te skakel. Voornemende studente kan ook navraag doen oor beskikbare finansieringsmoontlikhede en die toepaslike vereistes.

Vogel beklemtoon dat beroepsopleiding en persoonlike vorming hand aan hand gaan.

"Ons wil jongmense toerus wat hul werk met kundigheid en integriteit aanpak. Vanuit ons Christelike geloofsgrondslag moedig ons studente aan om hard te werk, verantwoordelikheid te aanvaar en diensbaar in hul gemeenskappe te wees."


Aansoeke vir die 2027-akademiese jaar is oop. Voornemende studente en hul ouers kan www.bko.co.za besoek vir meer inligting oor die kwalifikasies en toelatingsvereistes. Kontak die bemarkingskantoor by 053 110 0620 of bemarking@bko.co.za om die studiekeuses en aansoekproses te bespreek.



BKO se tweedejaar landbou-studente by die GWK Groentoer 2026 in die Douglas-area.



10 VRAE AAN... Janél Cornelius



1. Hoe oud is jy en wat is jou grootste doelwit in die lewe?

Ek is 18 jaar oud en word in November 19. My grootste doelwit in die lewe is om die persoon te word waarvoor God my geskape het en om die talente wat Hy vir my gegee het, tot Sy eer te gebruik. Ek wil nie net suksesvol wees nie, maar ook 'n inspirasie vir ander wees en jongmense help om in hulself te glo, hul uniekheid te omhels en te besef dat hulle 'n doel het.

2. Jy is eienaar van J'Élan Dansakademie. Waar kom die naam vandaan?

Die "J" staan vir Janél, maar ook vir Jesus, want Hy is die middelpunt van alles wat ek doen. Ek wil hê dat Hy altyd die leier van my akademie moet wees. "Élan" beteken entoesiasme, energie en passie, wat presies weerspieël wat ek deur dans en modelwerk wil uitleef.

3. Wat is die drie belangrikste eienskappe wat jy in vriende soek?

Die drie belangrikste eienskappe vir my is eerlikheid, lojaliteit en opregtheid. Ek waardeer mense wat hulself kan wees, wat eerlik met my is en wat daar is vir my, nie net wanneer alles goed gaan nie, maar ook wanneer die lewe uitdagend raak.

4. Hoe belangrik is familie vir jou?

Familie is vir my ongelooflik belangrik. Hulle is deel van my fondament en die mense wat 'n groot rol speel in wie ek vandag is. Ek glo dat familie nie net gaan oor bloedbande nie, maar ook oor liefde, ondersteuning, vergifnis en om daar te wees vir mekaar. Ek wil ook graag iemand wees op wie my familie trots kan wees en wat liefde en ondersteuning teruggee.

5. Wat is jou stokperdjies?

Dans en modelwerk is beslis twee van my grootste passies. Ek dans al van die ouderdom 3 af en dit is 'n baie groot deel van wie ek is. Ek geniet dit om myself deur dans uit te druk en om my kennis met ander kinders te deel. Om my eie dans- en modelakademie te bestuur, gee my ook die geleentheid om ander se talente te help ontwikkel. Ek geniet modelwerk, fotosessies, kompetisies en kreatiewe projekte. Ek hou ook van visvang.

6. As jy 'n dier kon wees, watter een sou jy kies en waarom?

Ek sou 'n sneeuluiperd kies, omdat dit my herinner dat 'n mens selfs in moeilike omstandighede kan aanhou en jou pad vorentoe kan vind. Ek glo dat die moeilike tye waardeur ons gaan, ons nie hoef terug te hou nie, maar ons kan leer om sterker te word en met geloof aan te hou.

7. As jy vir een dag enigiets kon doen sonder om te dink aan geld, mislukking of wat ander sê, wat sou jy doen?

Ek sou graag 'n groot dans- en modelvertoning wou aanbied waar kinders van regoor Suid-Afrika die geleentheid kry om hul talente op 'n verhoog te wys, ongeag waar hulle vandaan kom of wat hul omstandighede is. Ek sou wou hê elke kind moet die kans kry om te ervaar hoe dit voel om in hulself te glo, hul drome na te jaag en trots te wees op wie hulle is.

8. Waar en wanneer voel jy die meeste soos jouself?

Ek voel die meeste soos myself wanneer ek dans, wanneer ek met die kinders by my akademie werk en wanneer ek tyd saam met God kan deurbring. Dans is al van kleins af deel van my lewe en gee my 'n manier om uit te druk wat ek soms nie in woorde kan sê nie.

9. Wat is volgens jou die grootste uitdaging of bekommernis wat jongmense vandag in die oë staar?

Die druk om in te pas en aan ander se verwagtinge te voldoen. Sosiale media laat dit soms lyk asof almal se lewens perfek is, en dit kan veroorsaak dat jongmense hulself met ander vergelyk en voel dat hulle nie goed genoeg is nie. Daar is ook baie druk om suksesvol te wees, mooi te lyk en alles reeds op 'n jong ouderdom uitgewerk te hê. Ek dink ons moet jongmense meer herinner dat elkeen se pad anders lyk en dat hulle nie hul waarde aan ander se goedkeuring hoef te meet nie. Dit is belangrik om te weet wie jy is, waarvoor jy staan en waarin jy glo.

10. Waarvoor is jy die dankbaarste? Waarom?

Ek is die dankbaarste vir God se genade, leiding en getrouheid in my lewe. Ek glo nie ek het gekom waar ek vandag is net deur my eie krag nie. Daar was uitdagings en moeilike seisoene, maar ek kon telkens terugkyk en besef dat God my daardeur gedra het. Ek is ook baie dankbaar vir die geleentheid om my passie vir dans en modelwerk uit te leef en om deur J'Élan 'n verskil in kinders se lewens te maak.

NUUSBROKKIES

Orania-pad vorder

Die randstene word tans gelê en die Orania Stadsboufonds se Oewerpad-projek het 'n nuwe fase betree. Dié teerpad sal toegang tot een van Orania se toerismegebiede verbeter. Toerisme is een van Orania se grootste ekonomiese groeipunte. Duisende mense besoek Orania jaarliks.

Hier is hoe jy kan help om die volgende stuk pad te bou:

Borg 'n vierkante meter of meer en word deel van iets wat bly staan. Jy ontvang die koördinate van jou eie blokkie, asook opdaterings oor die pad se vordering. So kan jy sien hoe jou bydrae 'n verskil maak.

Besoek bou.orania.co.za en help Oraniërs om die pad klaar te bou!



Klipkoeie kondig die einde en begin aan

Die einde van die semester kom nader, en daarmee saam ook die einde van BKO se Landbou-tweedejaars se tyd op kampus. Soos die tradisie voortsit, bou die studente jaarliks hul eie klipkoeie uit herwinde materiaal — 'n kreatiewe projek wat praktiese vaardighede en innoverende denke aanmoedig. Ons is baie opgewonde om te sien waarmee hierdie jaar se studente vorendag gaan kom. Jy kan ook 'n klipkoei op die Leer-My-Hoe Proefplaas laat wei aan die einde van jou landbou studies by BKO! Skryf vandag nog in vir een van die drie nuwe kwalifikasies wat aangebied word in 2027!



Karoosig-aftreeoord ontwikkel

Die verdere ontwikkeling van die Karoosig-aftreeoord in Orania vorder goed. Elf bykomende woonstelle word beplan en konstruksie daaraan het reeds afgeskop.

Karoosig-aftreeoord ontwikkel verdere behuising sodat ouer persone met gemoedsrus in Orania kan vestig, aangesien hul toegang tot voltydse versorging, dienste en veiligheid sal hê.

Eie arbeid vir ons eie mense!



Willie verteenwoordig VF Plus

Willie Spies is op 10 Oktober as die VF Plus se streeksleier in die Groter-Pretoria streek aangewys. Hy sien uit na 4 November en glo inderdaad dat die Tshwane Metroraad nooit weer dieselfde gaan wees danksy 'n groter en sterker VF Plus wat dan deel van 'n splinternuwe stadsregering gaan wees.



OVR-verkiesing 4 November

Op 4 November 2026 vind ons eie verkiesing vir die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) weer plaas. Ons kies agt kandidate wat die Groter Orania vir die komende termyn sal verteenwoordig.

Indien jy ouer is as 18 jaar en minstens reeds drie maande in Orania woon is jy stemgeregtig. Maak dus seker dat jou naam op die kieserslys verskyn. Die lys is daagliks vanaf 8:30-12:30 en 13:30-15:30 beskikbaar by die Orania Poskantoor.

Om 'n stabiele Orania te hê wat ernstig is oor vryheid moet ons seker maak dat ons betroubare kandidate kies.

Kandidate behoort

- oor die nodige kundigheid en ervaring te beskik
- verantwoordelik, nugter en onafhanklik te kan oordeel
- hard te kan werk
- konstruktief met ander te kan saamwerk
- sensitiewe sake met die nodige omsigtigheid te kan benader
- werklik ernstig wees oor vryheid vir Afrikaners.

Rig enige navrae aan oraniaverkiesingskommissie@gmail.com of 082 338 9569 kan geskakel word.

ORANIA DAGBOEK

Oktober
16 Koerania Uitgawe 35
16 Muntlegging t.b.v. Karoosig
17 Klein Reus Halfmarathon
31 J'elan Danskonsert


November
4 OVR-verkiesing
6 Vrouetoneel (OKeR in Pretoria)
7 TYDLOOS: Dansvertoning
8 Stap vir Jesus
11 Witkruisdag

November
18 Huppelkind Opedag en Kleureatletiek
Orania CVO-skool Algemene Jaarvergadering
20 Koerania Uitgawe 36
21 Oppihoef Spogkonsert
28 Kersliedere @ kerslig

Desember
11 Koerania Uitgawe 37
16 Geloftedag
25 Kersdag
26 Welwillendheidsdag

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

Orania Dagboek word met trots geborg deur
Portfire
Privaat Portefeuljes | FSP 50779
Maryna de Klerk Makelaars BK
FSP 14913
Sel: 067 777 7772 | E-pos: info@portfire.co.za



Stuur jou nuuswenke of foto's na redakteur@koerania.co.za



Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys
Regsoplossings wat jou leefwêreld verbeter
Advies met verkoop van eiendom
Opstel van koopooreenkomste
Registrasie van oordragte
Notariële waarmerkings
Algemene regsadvies
Eiendomsreg
Testamente
KONTAK ONS VANDAG NOG!
Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za

Wes-Kaap kenner kom kuier

-Dia van Staden



Abri Ferreira, President van die Oudtshoorn Besigheidskamer, het Orania onlangs besoek en die feite rondom die hantering van B-BBEE vir kleinsake aangespreek.
Dit was vir hom 'n blitsbesoek, maar hy het Orania en sy mense aangenaam gevind en is besonder beindruk met die ontwikkeling van die infrastruktuur.
Hy verduidelik aan Koerania dat die rol van die sakekamer binne 'n groeiende gemeenskap soos Orania steeds is om aktiwiteit te stimuleer sodat geld van buite die dorp na Orania sal vloei. "Dit is wat ons vir Oudsthoorn ook probeer doen."
Wat B-BBEE aanbetref het hy klem gelê op die feit dat dit nie 'n onderneming behoort te kortwiek om ekonomies steeds sin te maak nie. Abri sê: "Opsie-aandele wat billik aangebied word binne markwaarde van jou besigheid, na aanleiding van jou omset, kan 'n voornemende aandeelhouer die finansies daarvoor aanbied. Voordat daardie transaksie nie volvoer is nie, kan 'n aandeelhouer of vennoot geen aanspraak daarop maak om op 'n direksie of raad te sit en antwoorde te bied nie. Dit is slegs vir besighede van toepassing wat minder as R50 000 000 omset per jaar het.
Hy merk op dat daar oulike winkels is, maar dat daar moontlik vir die toekoms meer verskeidenheid winkels benodig word om die koopervaring vir besoekers en inwoners te verhoog. Hy neem daarmee in ag dat die inwonertal moet groei om dit volhoubaar te laat geskied.
Volgens hom is die werk wat die Orania Ontwikkelingsmaatskappy doen is ongelooflik en die moontlikheid is daar dat Orania in 'n opleidingsmekka omskep kan word.
"Die geboue is baie netjies en dit is merkwaardig hoe daar uitgebrei word. Alles is netjies en alles werk. Krag, water, filtersisteme, batterye – dit is duidelik dat samehorigheid effektief kan werk en dat 'n dorp nie altyd 'n regering of munisipaliteit nodig het om te ontwikkel nie. Jy kan dit self doen!" sê Abri.

Ons Paradys Tuinuitdaging '26

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?
Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om weer die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.
Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 28 Oktober 2026 verwelkom word.
Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.
Die wenners in onderskeie afdelings sal tydens 'n spesifieke geleentheid aangekondig word.



Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?

1. Beginnerstuin - Nie ouer as 3 jaar nie
2. Gevestigde tuine
3. Groenteboks / Groentetuin / Pallettuin / Vertikale tuin
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)
6. Besigheid se tuin

Die skakel na die registrasievorm sal in Septembermaand se Koerania beskikbaar gestel word.

Reëls en regulasies:

1. Alle afdelings is oop vir alle Orania inwoners, uitwoners en huurders, solank die tuin in Orania beskikbaar is vir besigtiging.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2026 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 28 Oktober 2026 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
8. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
9. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
10. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
11. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
12. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
13. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
14. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.
15. Geen wenners (eerste plekke) van die 2025 uitdaging mag vanjaar deelneem nie, maar wel weer in 2027.



Met trots aangebied deur
KOERANIA

Orania Karnaval

1 - 3 Oktober

Die Orania Karnaval is van 1 tot 3 Oktober by die sportterrein aangebied. Stalletjies, sport en spele het deel gevorm van 'n vol program. Hier is 'n fotobeeld van die gebeure. Sien jou volgende jaar daar!

1991 - 2026
35
Orania

Pret. Mense. Herinneringe.

Foto's: Leonie Deysel































KOERANIA
083 726 1180
redakteur@koerania.co.za
ORANIA - NOORD-KAAP

KOERANIA Sport




Dansskole vat hande vir ‘n tydlose dansfees

Vandat Michelle Meiring 8 jaar gelede in Orania begin klasgee het, het sy gedroom oor die idee om eendag die dansskole van Orania in een groot vertoning bymekaar te bring.

Hierdie jaar het die geleentheid homself kom aanmeld. Sy het die dansskole genader, en 3 van die 4 het ingestem om deel van die konsert te wees. Die een dansskool het reeds hul eie konsert gereël en daarom kan hulle nie deelneem nie. Miskien volgende jaar?

Daar is dus 4 dansskole wat die tema "Dans deur die Dekades”, gaan uitbeeld. Die musiek sal elke toeskouer laat onthou en die danspassies sal die voete laat jeuk. Daar wag heerlike variasie met gimnastiek en akrobatiese danse, lyndanse, baldanse, ballet en sommer ook ietsie van alles tussendeur.

Die kinders het ongelooflike pret om die verskillende eras se bewegings te leer en die musiek te geniet terwyl die choreografie ingeoefen word. Ons hoop om elke Oraniër daar te sien!




Slier Steenkamp in haar uitrusting vir die Tiroolse Nasionale Dans



DASA eksamenuitslae vir 2026

Eldien Kirsten, afrigter en eienaar van die Kirsten Balletskool, is trots op haar studente wat uiters goed gevaar het tydens die jaarlikse nasionale DASA (The Dance Academy of South Africa) eksamen.

Hiermee ‘n opsomming van persentasies wat in afdelings behaal is:

Kate Cloete - Primary - 95% | Alice Lewis - Primary - 92% | Leah van Dyk - Primary 92%
Anné Wessels - Graad 1 - 92% | Anneke Schönfeldt - Graad 2 - 96% (Topleerling!)
Limarie van der Merwe - Graad 2 - 95% | Ané Badenhorst - Graad 2 - 95%
Daniélla Meiri - Graad 3 - 95% | Elschen Schlechter - Graad 3 - 88%
Medaljedanse het ingesluit - National, Ballet en Contemporary medaljes
Die Kirsten Balletskoolstudente behaal altesaam 12 A+ simbole en 1 A simbool.



Eldien Kirsten, afrigter, by Anneke Schönfeldt wat 96% vir haar Graad 2 eksamen behaal het en as topleerling aangewys is.)

